# LITURGIESE RIGLYNE VIR DIE SENSITIEFMAAK VAN DIE JEUG VIR DIE PROBLEEM VAN ARMOEDE

*Prof BJ de Klerk*
*Praktiese Teologie,*
*Noordwes Universiteit (Potchefstroom Kampus).*

***ABSTRACT***

***Liturgical guidelines for creating a sensitivity to the problem of poverty among the youth***

*The question investigated in this article is the following: In what way can financially privileged young people be made sensitive to the massive problem of poverty by participating in the liturgy of a congregation? The working plan is to describe synoptically the scope of poverty and give a brief characterisation of the young people concerned as regards their relationship to liturgy and poverty. The further investigation into liturgical praxis is based on these findings. Liturgical guidelines for making the youth sensitive to the problem of poverty are taken as points of departure. Conclusions are that young people can be effectively made sensitive to the problem by focussing in the full gathering of the congregation (worship service) on joint planning of the worship service, the ritual of coming together before the votum, the service of meeting, the service of humiliation and atonement, the service of the Word and the benediction at the end of the service. The planning of the worship service, the gathering of the congregation and the celebration of the Holy Communion are indicated as unique opportunities in this process. The final conclusion is that the liturgy can radically influence the attitude of a congregation towards the poor and can have a transforming effect amongst others on young people as regards poverty.*

## 1 INLEIDING

Oud-president Nelson Mandela het in sy intreerede die belangrikheid van die jeug beskryf as "‥ the valued possession of the nation. Without them there can be no future. Their needs are immense and urgent. They are the center of reconstruction and development (Dickson, 2003:59). Ongeveer 18 miljoen van die Suid-Afrikaanse bevolking is jeugdiges onder die ouderdom van 18 jaar – hulle vorm 44% van die totale bevolking. Die jeug kan dus, wat verskillende samelewingsprobleme ,onder andere armoede betref, 'n wesentlike verskil maak. Tog blyk dit dat 'n beduidende aantal blanke jongmense nie sensitief is vir hierdie probleme nie. In *Beeld* (2005:5) word die volgende opmerkings oor welgestelde matrikulante se jaarlikse wegbreek ná die eindeksamen gemaak: "Me Vicky Erasmus, besturende Direkteur van Wozani Africa, reël al vir 15 jaar vermaak vir matrikulante. Volgens haar is die soort matrikulante wat deesdae in die Margate omgewing vakansie hou, welgestelde jongmense wat nie bang is om geld uit te gee nie. Hulle kom hier aan in die nuutste sportmodel-motors en bespreek luukse akkomodasie".

Aan die ander kant is daar ook ernstige pogings om die jeug sensitief te maak vir die probleme aangaande armoede. In die projek van die Wêreldraad van Kerke *2015 Millennium Goals for the Churches: A call to action* is die eerste van tien doelwitte vir die tydperk tot 2015 só geformuleer: Share liturgies and create new ones which engage with the realities of wealth and poverty (Taylor, 2003:ix). 'n Ondersoek na hoe die jeug deur liturgie sensitief gemaak kan word om by armoedeverligting betrokke te raak, is dus baie aktueel. Indien die jeug omvattend toerusting kan ontvang om mee te werk aan die verligting van armoede, kan daar in die toekoms meer effektief op armoede gereageer word. Weekliks is kerke oor die hele wêreld besig met liturgiese feesvierings: gebede as lofoffers, die Woord se aanhoor en verkondiging, die viering van die nagmaal, en tog bly die gaping van hierdie liturgiese ervaringe en die stryd om armoede te oorkom baie groot (Blyth, 2001:208).

Die vraag wat in hierdie artikel onder die loep kom is: Hoe kan die jeug, wat finansieel bevoorreg is, en gereeld by eredienste van die Afrikaanse kerke betrokke is, deur deelname aan die liturgie van die gemeente sensitief gemaak word vir die massiewe probleem van armoede. Hierdie is dus nie 'n empiriese studie nie, maar die fokus is op die transformerende krag wat die liturgie op die jeug kan uitoefen. Die werkplan is om kortliks die omvang van armoede te bepaal,

asook om 'n karakterisering van die betrokke jongmense in hulle verhouding tot die liturgie en armoede te maak. Die ondersoek na 'n liturgiese praxis sal hierop voortbou.

## 2 DIE OMVANG VAN ARMOEDE

Armoede raak almal in die gemeenskap, want dit het 'n effek op selfs die welvarendstes (Du Toit, 1997:285). Williams (1998:3) gee 'n omvattende definisie van armoede

> “ ... poverty is never simple. It is a complex amalgam of physical and spiritual pain, which robs the person and the community of dignity and meaning as much as it deprives the body of nourishment, shelter and beauty. Poverty is about exclusion and power, about lack of choice and limitation of freedom. But all of these are related to lack of money”.

Brand (1995:260) verwys na die ander dimensies van armoede: "Dimensions of poverty include powerlessness, vulnerability, bodily weakness, financial insolvency (material poverty), social isolation and even spiritual deprivation".

Hoe lyk die prentjie van armoede wêreldwyd en in Suid-Afrika? Almal, behalwe ses van die armste 31 lande, kom uit Afrika. Elke 3,6 sekonde sterf iemand in die wêreld aan honger en 75% van die sterftes is kinders onder vyf jaar (Mitchell, 2000:252). In Afrika leef meer as 50% van die bevolking op minder as $1 per dag. In Sub-Sahara Afrika alleen leef ongeveer 40% tot 50% van die bevolking onder die broodlyn wat wêreldwyd gestel word. Die MIV/vigs-pandemie het die grootste impak op armes en weens die kombinasie van armoede en MIV/vigs is die lewensverwagting in Suid-Afrika tans vir mans 48,5 en vir vroue 52,7 jaar. Data van Statistiek Suid-Afrika suggereer dat 36%-40% van die Suid-Afrikaanse bevolking werkloos is (Binns & Robinson, 2002:26). Die 2000-sensus wys dat 20,5 van die 44 miljoen Suid-Afrikaners onder die minimum vlak van inkomste leef en daarom word 46% van die bevolking as mense wat in armoede leef, gekategoriseer. Van die 10% wat as die armstes van die armes bestempel word is 94% swart, 5% wit en 1% Indiër. Gedurende 2004 is 1,1 miljoen weeskinders aangemeld (onder die ouderdom van 18 jaar, van wie net meer as 250 000 nuwe wees-

kinders was (Van der Berg, 2004:6). Die mees kwesbare onder die armes is juis kinders, vroue en bejaardes (Alcock, 1993:129).

Du Toit (1997:291) beskryf die oorhoofse prentjie van armoe

> On a holistic level, factors such as education, health, social conditions, discriminatory market factors and stigmatisation all contribute to the specific and overall picture of poverty in a given situation. Poverty can even be approached from the angle of ecology and the depletion of natural resources.

Die hoë vlak van ongeletterdheid, wanvoeding en swak gesondheid, sowel as die verskynsel dat armes meestal vermy word, veroorsaak by armes 'n gesindheid van onverskilligheid, soms selfs haat, teenoor die samelewing.

Praktiese Teologie as wetenskap mag nooit in die slaggat trap om armoede bloot as navorsingsonderwerp te bestudeer nie, sonder om te besef dat armoede beleef word deur 'n mens, 'n mens met 'n naam en 'n liggaam, 'n mens wat op vele gebiede ly, wat onder andere 'n verlies aan waardigheid ervaar, 'n mens sonder ander mense en toegang tot baie min middele. Refleksie op die hermeneutiese benadering in die veld van Praktiese Teologie het gelei tot die besef dat die boodskap van die evangelie ook in interaksie gebring moet word met 'n spesifieke konteks (Heitink, 1999:6). Vos (2001:49) bring dit in verband met armoede deur te verklaar: "This method of theologising implies the recognition of theological context and its imbeddedness in the various domains of human culture".

Die kerk het die roeping om vir die wêreld in nood voor God in te tree. Liturgie, as 'n wyse om meer sensitief te word vir armes se ontberings, is gesentreer in en vorm 'n belangrike komponent van die verhouding met God (De Moor, 1999:24). Waar moet die kerk begin om armoede te hanteer, veral in kerke waar hierdie pandemie nog nie genoegsame aandag gekry het nie? Daar is verskillende benaderingshoeke. Omdat die liturgie die lewe van 'n gemeente radikaal kan beïnvloed en transformerend op die gesindheid van onder andere die jeug kan inwerk, is liturgiese riglyne vir die sensitiefmaak van die jeug vir die probleem van armoede, 'n moontlike vertrekpunt.

## 3 KORT KARAKTERISERING VAN DIE JEUG

### 3.1 'n Ontwortelde jeug

Weens die fokus van hierdie artikel is die karakterisering van die jeug hier slegs toegespits op die jeug se verhouding tot liturgie en armoede.

Kleuters en jong kinders is soos sponse wat alles absorbeer, en so word hulle ingesteldheid teenoor en hulle liefde vir 'n spesifieke godsdiensbeoefening (liturgie) reeds op jong ouderdom geprikkel. Kinders het 'n natuurlike behoefte aan God, 'n natuurlike verlange na die Here. Baie van die tieners word egter ontwortel, veral weens die verbrokkelde gesinstruktuur. Hulle het 'n behoefte aan vastigheid, aan 'n anker. Weens hierdie verbrokkelling bestaan die uitdagende moontlikheid om hierdie vastigheid deur liturgiese kreatiwiteit aan hulle te bied. God is besig om hierdie moontlikhede te skep presies om die generasie van die vroeg een-en-twintigste eeu te bereik deur wêreldwye hulpmiddels wat bestaan in die inligtingseeu, soos die Internet, die selfoon, die SMS (Retief, 2004:34).

Generasie X word gedefinieer as jongmense wat tussen 1975 en 1990 gebore is (Meyer, 2002:45). Dit is die ouderdomsgroep wat pas belydenis afgelê het en wat in baie gevalle die tradisionele kerke verlaat, maar ook die groep wat later leiers in kerke kan word. Die musiek waarna 'n groot deel van hierdie jongmense luister weerspieël iets van hulle innerlike: hulle soek na 'n dieper spiritualiteit, het soms kommer oor die toekoms, 'n gevoel van magteloosheid en ervaar weerstand teen die vorige generasies se beskouings en optrede, veral wat formalisme in die liturgie betref. In die plek daarvan is groter vryheid van spraak, van uitdrukking en uitlewing (Retief, 2004:33). Hierdie generasie, veral in Suid-Afrika, het soveel veranderinge gesien en beleef dat hulle daagliks daarmee saamleef en daarom selfs in die liturgie voortdurende veranderinge verwag.

### 3.2 Die jeug se liturgiese verwagtinge

Hierdie generasie wat dikwels uit enkelouergesinne en uitgebreide gesinne kom, soek na stabiele verhoudings (Clowney, 2003:100). Kerklik soek hierdie jongmense na kerke of groepe waar 'n "familie"- gevoel teenwoordig is. In die liturgie moet dit ook so hanteer word:

> For teens, one of the most imortant things in life, is belonging – belonging to the right crowd, belonging to their family, belonging with their small group of friends. Through worship, we can help our young people experience and learn what it means to belong to God and to their community of faith. (Ward, 1993:137).

Omdat dit ten diepste 'n behoefte aan liefde is, is ervaring en spiritualiteit ook van groot belang en alle sintuie moet deel wees van hierdie ervaring. Die erediens moet 'n bewustelike ervaring van naderbeweeg aan God en naderbeweeg aan mekaar meebring. Die vraag van die postmoderne jongmens is: Hoe tree ek in 'n verhouding met God? Spiritualiteit het weer belangrik geword omdat dit erken word as die diepste essensie van menswees (Vorster, 1999:105). Hierdie soeke na ervaring bring soms teenoorstaande gevoelens by jongmense mee. In die Katolieke kring, byvoorbeeld, word enersyds gesê dat alternatiewe musiek en aktiwiteite wat die jeug uit hulle stoele sal laat opspring, nodig is (Allen, 1997:3). Aan die ander kant beweer McBrien (2003:17) dat simptome van godsdienstige konservatisme by die jonger geslag Katolieke merkbaar is. Dit is dus nie verbasend nie dat 'n tendens in die liturgie waargeneem word dat jongmense al hoe meer smag na die ouer, meer misterieuse liturgieë van die Roomse en Oosterse kerke.

> Many youths don’t like current praise and worship with its loud contemporary instrumentation. What they want is ancient liturgy with a contemporary flair. They want mystery, transcendence, quiet, prayer with the laying on of hands, pageantry, participation, stability, tradition and authentic embodiment (Webber, 2000:-26).

Tegnologie speel 'n baie belangrike rol. Die generasie het grootgeword het met DSTV, huise met rekenaars, die Internet en baie ander tegnologiese hulpmiddels wat hulle lewens vergemaklik. Die tegnologie het 'n inherente deel van hulle lewenservaring geword. Jongmense se gesprekke word gereeld oorheers deur onderwerpe soos die nuutste tegnologiese deurbrake met rekenaars, DVD’s en interaktiewe elektroniese kommunikasie. Dit sal ook in die liturgie verreken moet word (De Klerk & Van Rensburg, 2005:-

144). Op hierdie manier kom die jeug in aanraking met ander kulture en godsdienste van regoor die wêreld. Die interaktiewe wyse van kommunikeer bring mee dat daar 'n behoefte ontstaan om groter deelname en inspraak in die gebeure van die liturgie.

Met al bogenoemde aspekte sal rekening gehou moet word in die poging om die jeug in die liturgie meer sensitief te maak vir armoede

### 3.3 Die jeug se houding teenoor armoede

Dit kan aanvaar word dat minstens 60% die Suid-Afrikaanse jeug onder die broodlyn lewe. Daarom sal die houding van die jeug teenoor armoede ook twee verskillende pole weerspieël. Die een uiterste sal 'n ongeërgdheid wees, omdat armoede ander raak, maar nie aan eie lyf gevoel word nie. In die Westerse wêreld het die neiging om globalisties te dink daartoe gelei dat die probleem van armoede êrens anders hoort, êrens ver weg. (Blyth, 2003:209). Aan die ander kant is daar 'n groot aantal jongmense wat worstel om te oorleef en om die probleem van armoede geestelik te verwerk. By eersgenoemde groep bestaan die gevaar dat hulle onsensitief kan staan teenoor armes en by laasgenoemde groep bestaan die gevaar dat hulle vanweë die greep wat armoede op hulle lewens het, nie kreatief aan die probleem kan werk nie. Navorsing bewys, byvoorbeeld, dat jong ongetroudes wat swanger raak van die armstes van die armes is. Dit raak nie net jong moeders nie, maar ook jong vaders (Sullivan, 1993:295). Suid-Afrika se aantal tienerswangerskappe is van die hoogste in die wêreld en dit kan ook toegeskryf word daaraan dat families wil oorleef van die toelaes wat sulke jong moeders van die staat ontvang (Swartz, 2003:9).

Die fokus van hierdie artikel is op die jeug wat nie gebuk gaan onder armoede nie, ter wille van die sensitiefmaking van hierdie groep vir die ander groep se pyn en lyding onder die pandemie van armoede.-

## 4 LITURGIESE VERTREKPUNTE VIR DIE SENSITIEFMAKINGVAN DIE JEUG

Waar die gemeente op grond van die leitourgia van Christus toetree in die teenwoordigheid van God is daar 'n dinamika wat niemand die jeug mag misgun nie (Nel, 1998:89). Die wese van die liturgie kan opgesom word in die woorde van 1 Korintiërs 14:25: “Waarlik God

is hier by julle". Hierdie magtige teenwoordigheid van God, waar dit uitgewys en beleef word in die liturgie, behoort by die erediensdeelnemer verwondering, verootmoediging, versoening en verbintenis te bewerk (vgl De Klerk, 2005:470). Die viering van liturgie is die hartslag van die gemeentelike lewe: "The liturgy is never something in itself, but the place where men and women stand before their God" (Jeggle-Merz, 1996:113). Daarom is dit gevaarlik om die jeug te isoleer van die gemeente, veral in die liturgie, en moet die jeug liturgies waar moontlik in die natuurlike gesin en in die huisgesin van God betrek word (DeVries, 2004:25). Die jeug kan op geen beter plek en ruimte as binne hierdie gesinsverbande sensitief gemaak word vir armoede nie.

Daar moet in die liturgiese handelinge genoegsame aandag gegee word aan die spesifieke nood en behoeftes van seniors en jeug, vroue en gestremdes, anders kan dit die indruk skep dat die liturgie nie die ware lewe van die gelowige raak nie (Jeggle-Merz, 1996:115). Liturgie behoort 'n gevoel van solidariteit beide in swaarkry en feesviering te verskaf. Erediensdeelnemers behoort te kom omdat hulle God graag wil verheerlik, maar ook om mekaar in swaarkry te versterk (Trimmer, 1994:127). Vir erediensdeelnemers in ryk en arm gemeentes, plattelandse en stadsgemeentes is die ervaring van gemeenskap en aktiewe deelname van die hoogste prioritiete.

> Just as best practice in development means that the poor are empowered to speak for themselves, and oppressed communities are recognized to be the primary actors in bringing about change, so in worship best practice means that empowerment, participation and symbolic action will be the key elements. When this is the case worship becomes a transforming experience in which the worshipper moves from passive to active mode. Worship in this sense mirrors the process of transformation for which we look in society. (Blyth, 2001:214).

Gemeentes word dus uitgedaag om te soek na maniere waarop liturgie kan lei tot transformasie – geestelik en prakties – in die samelewing, spesifiek wat armoede betref.

## 5 'N LITURGIESE PRAXIS

### 5.1 Gesamentlike beplanning van die samekomste

Omdat die armoede-epidemie so 'n radikale impak op die samelewing het, behoort elke gemeente van tyd tot tyd in die verskeidenheid handelinge in sy liturgie op armoede te konsentreer. Dit beteken nie noodwendig dat armoede by elke diens in elke element van die liturgie hanteer moet word nie, maar 'n proses van sensitiefmakingkan sinvol en organies telkens in 'n ander element van die liturgie oor 'n tydperk aan die orde kom. Daarom is deeglike beplanning van die liturgie van 'n samekoms noodsaaklik (vgl Witvliet, 2003:297). Vanuit die vertrekpunt dat jongmense deel van 'n gesin en die groter gesin (die gemeente is) moet jong, volwasse en senior lidmate elke Sondag by die beplanning van die liturgie van betrokke wees. Die individue kan wissel, maar 'n verteenwoordigende groep van die gemeente moet behou word. In die beplanning moet van tyd tot tyd geleenthede geskep word waar gelowiges uit arm gemeenskappe met die gemeente saamkom. Deur saam te wees in die erediens word geleenthede vir troos en bemoediging, vir vertel en luister en vir identifikasie geskep. Die konteks waarin die liturgie plaasvind en die inhoud daarvan speel op mekaar in. Blyth gee 'n juiste beskrywing hiervan: "It is in the God given context of worship that relationships both with God and the other human beings can discover new depths and take on new life" (Blyth, 2001:211).

### 5.2 Die saamkom (*gathering*) voor die samekoms

Vir elke gemeente is die ritueel (vgl die definisie van Wepener, 2004:74) van “aankoms en saamkom van erediensdeelnemers” van groot belang, en tog word dit meestal verwaarloos. Elke persoon kom met sy of haar lewensverhaal, die ervaring van die week of van daardie Sondagoggend na die samekoms. Elkeen dra sy/haar verhaal en konteks die samekoms in. Afgesien van die konteks van armoede behoort gemeentes meer moeite te doen om van enkele lidmate hulle verhale te hoor voordat die samekoms se afhanklikheid van God in die votum verklaar word: "The gathering moment at the beginning of the worship became liturgically very important in order to include those who were not there" (Blyth, 2001:213).

Die jeug ervaar dat die gemeenskapsgevoel versterk kan word as daar meer sulke geleenthede is om hulle en ander se verhale aan te hoor. Die finansieel bevoorregdes kan ook van tyd tot tyd getuig van die seën wat dit inhou om te gee eerder as om te ontvang. Dit is nodig dat die verhale van ander gemeenskappe by die saamkom-ritueel gehoor moet word, ook in die verhale wat in hulle liedere tot uitdrukking kom: verhale van hulle worsteling om te oorleef, van wat dit is om honger te ly en die gevoelens wat dit meebring om van aalmoese afhanklik te wees en selfs tot bedel oor te gaan. Die gemeente se nuusbrief kan ook hiervoor met vrug ingespan word. Dit is ook nodig dat hierdie ervaring van arm gemeenskappe visueel deur middel van oorhoofse projektering voorgehou word. Kinders kan aangemoedig word om prente van hulle indrukke van arm mense te teken en dit in die kerk se voorportaal uit te stal.

'n Groep jongmense wat die verwelkoming van lidmate doen, kan by geleentheid, as identifisering met armes, poog om in voorkoms die nood van armes uit te beeld: plakkate wat gereeld by straathoeke gesien word en klere wat armes dra. By sommige kerke is dit 'n vaste gebruik om nie-bederfbare produkte elke Sondag in die voorportaal of op ander sigbare plekke te plaas wat dan deur die diakens aan arm gemeenskappe uitgedeel kan word. Die saamkom-ritueel bied ook die geleentheid vir simboliek: die inbring van die Bybel deur 'n jeugdige kan gepaard gaan met die voorlees van 'n deel wat armoede aanspreek, byvoorbeeld die tweede deel van Matteus 25. Twee borde wat vir Nagmaal gebruik word kan ingedra word, een vol en die ander leeg, en van die vol bord kan brood na die leë brood oorgeplaas word. Stilte kan effektief gebruik word vir gebede vir die nood van mense. Die aankoms-ritueel behoort in Afrikaanse kerke met groter sorg beplan te word.

### 5.3 Die ontmoetingsdiens of introïtus

Vier groot momente word in die dinamiese gang van die liturgie van die samekoms onderskei: die ontmoetingsdiens (of introïtus), die verootmoedigings- en versoeningsdiens, die woorddiens en die antwoorddiens

Op grond van Christus se versoening (Hebreërs 10:19) kry die gemeente in Hebreërs 10:22 die opdrag: Laat ons toetree, intree in die heilige teenwoordigheid van God. Daarmee erken die gemeente dat God sy volk kom ontmoet en sy volk in staat stel om Hom en mekaar te ontmoet (die votum). Die liturg kan in sy/haar inleiding tot

die votum, as afhanklikheidverklaring, aansluit by die afhanklikheid van hulle wat in een of ander nood verkeer. Die votum kan by geleentheid deur die gemeente gesing word. Die onontbeerlike seën van die Here op die samekoms, as seëngroet, raak die hele diens en geld ook vir gelowiges wat nie by die betrokke samekoms teenwoordig is nie. Die jeug kan in die beplanning van die liturgie aandui watter loflied en belydenis as reaksie op die intrede van God moet volg. By die belydenis van die kerk se eenheid en die gemeenskap van die heiliges, kan armes in Afrika, Suid-Amerika, die Oosbloklande en ander dele van die wêreld in gedagte gebring word.

Die ontmoetingsdiens bied dus aan die gemeente, jongmense ingesluit, die geleentheid om dié wat in nood verkeer te betrek by die vreugde om in God se teenwoordigheid as die liggaam van Christus te verkeer.

### 5.4 Die verootmoedigings- en versoeningsdiens

Ná die ontmoetingsdiens is die gemeente sterk bewus van die heilige volmaaktheid van God, wat in skerp teenstelling is met die gemeente se sonde, ellende en onwaardigheid. Hierdie teenstelling wil en moet die gemeente voor God erken en bely (Jesaja 6:3-7) en so word die gemeente in ootmoed voor die Here gestel. Hierdie besef kan alleen in sondaarharte deurbreek deur die oortuigingswerk van die Heilige Gees. Die gemeente kan met sekerheid weet en daarom dit ook hoor, dat die Here hulle op grond van die verdienste van Christus vergewe het (Vos & Pieterse, 1997:229; Olivier, 1997:112).

In hierdie handeling van die gemeente kan jongmense meedoen en soms die leiding neem. Saam kan jongmense byvoorbeeld die gebed van skuldbelydenis beplan en een van hulle kan dan daarin voorgaan. Hierdie gebed kan die oortreding van die agtste gebed bely: Die skuldbelydenis kan toegespits wees op die sonde van materialisme, die misbruik van geld, geslote hande vir armes. Ook die kollektiewe skuld van die breër gemeenskap kan bely word, byvoorbeeld as middele vir armes (kinders en bejaardes) deur amptenare gesteel word, asook die skuld van mense wat armoede oor hulleself bring en niks aan hulle armoede wil doen nie. Die gebed om versoening met God sal die pleit om vergewing insluit, sowel as versoening tussen ryk en arm, die heelmaak en herskep van verhoudinge tussen dié wat het en dié wat nie het nie. Hierdie handeling kan die jongmens simbolies by die tafel voor die preekstoel verrig om ootmoed aan te dui (Deddens, 1995:508).

## 5.5 Woorddiens

Die woorddiens omvat die gebed om verligting van die Heilige Gees, die selfstandige Skriflesing, die Skriflesing waaruit die prediking voortvloei, die prediking en die sakramente. Die aanhoor van die Woord, as God se regstreekse spreke met sy gemeente is die hoogtepunt van die samekoms en al die ander elemente staan in 'n kausale verband met hierdie handeling. Weens die verduisterde verstand van die mens en weens die goddelike aard van die Skrif moet gebid word dat die Woorddiens waarlik opening en ontsluiting van die Woord sal wees en dat die Heilige Gees in die voorlees en aanhoor van die Woord erediensdeelnemers sal aanspreek sodat die gemeente die gelese en verkondigde Woord as die eie Woord van God sal aanneem, toe-eien, gehoorsaam en uitdra (Vos & Pieterse, 1997:245).

Die gebed om verligting van die Heilige Gees kan van tyd tot tyd deur 'n jongmens waargeneem word en in de voorbereiding daartoe kan die persoon begelei word om die honger na die Woord in verband te bring met mense wat fisies op die betrokke dag honger ly. Die selfstandige Skriflesing bied die geleentheid aan enige persoon in die gemeente om as voorleser op te tree. Die funksie van voorleser is 'n ou gebruik in die Vroeë Kerk en behoort ter wille van 'n deelnemende liturgie aan (jeugdige) voorlesers in die gemeente toevertrou te word. Die Skrifdele kan vir 'n tydperk van ses tot agt weke spesifiek uit dele kom wat handel oor armes en hulle versorging.

Die Skriflesing waaruit die prediking voortvloei en die prediking self is in die Reformatoriese tradisie en vandag in al meer ander tradisies van sentrale belang in die liturgie (Mohler, 2003:112). Daarom kan die jeug deur reeksprediking, wat hierdie pandemie van armoede vanuit die Skrif in perspektief stel en tot handeling aanspoor, meer sensitief vir armes gemaak word. Pieterse (2001a:98) betoog dat preke gemeentes bewus moet maak van die omvang van armoede en hulle moet inspireer en motiveer om aan 'n diakonale uitreiking te deel.

Die Reformasie van die sestiende eeu het die gebruik van response op die prediking in die liturgie van die tweede eeu herontdek en dit het weer in die twintigste eeu herleef as die Profesie van die sestiende eeu (De Klerk, 1987:225-230). Daarvolgens kry twee tot drie lidmate (in hierdie geval ook jongmense) tydens of na die diens die geleentheid om die prediking op hulle betrokke situasie prakties toe te pas. Kwago (2004:86) verwys ook in haar studie na

dialogiese prediking wat ruimte vir lidmate skep om op die preek te respondeer. 'n Jeugdige uit 'n arm gemeenskap kan ook hierdie getuienis vanuit haar konteks lewer. So kan 'n gevoeligheid vir mense in nood gekweek word en kan verdere aksies hieruit volg, sodat die gemeente waarlik diakonale kerk kan wees (Pieterse, 2001b:99).

Die sakramente as die duidelikste simbole kan in die sensitiefmakingvan die jeug ten opsigte van armoede 'n belangrike funksie verrig. Die herontdekking van die simboliek en die benutting daarvan in die verryking van die aanbidding van die gemeente behoort die jeug te baat (Nel, 1998:90; vgl vir 'n definisie van simbole Uys, 2005:101). Die doop plaas ryk en arm in hulle sondige aard gelyk voor God en deur die afwassing van die sonde versimboliseer die doop ook die afwas van die geestelike armoede en die rykdom wat in Christus hierdeur verkry word (Barnard, 1998:291).

Die nagmaal as 'n gemeenskapsmaaltyd staan in regstreekse verband met hongersnood in verskillende dele van die wêreld, maar veral in Suidelike Afrika. Die Streeksdirekteur van die United Nations World Food Programme het in Sepember 2005 aangedui dat reuse tekorte aan voedsel die streek bedreig en dat 8,5 miljoen mense tot minstens April 2006 hulp sal moet kry (UNWF, 2005:1).

> Fighting hunger is a gospel demand, an ethical imperative, a duty of citizenship and solidarity, so that we may be able to drag humankind out of the prehistory in which billions of people still cannot be sure of the most basic animal right – to eat (Betto, 2005: 13).

In die Vroeë Kerk was die viering van die nagmaal deel van die liefdesmaaltye (vgl Hand. 2:42, 46; 27:35; 1 Kor. 11:17-34). Die wortel van hierdie praktyk kom uit die Ou Testament (Ps. 34: om die goedheid van die Here te smaak) en van Jesus se onderrig dat Hy die ware brood van die lewe is (Joh. 6; Hammes, 2005:27). Die gemeenskaplike viering van die nagmaal en die ontvang van dit wat God daar in Christus gee, spoor 'n mens aan tot die gee van jouself aan God en aan jou naaste wat nie het nie (Bloesch, 2002:160). Rondom en vanuit die nagmaal word die gemeente versorg en lei dit tot die sensitiefmakingvan die gemeente en sy jeug om diegene in geestelike en stoflike nood deur die diakonia op te vang (Pieterse, 2001b:104). Die kombinasie van die saameet, die nagmaalsviering en die gee van lewensmiddele aan dié wat in nood is, word nie eint-

lik deur die jeug prakties belewe nie, maar so 'n kombinasie kan jongmense beweeg om tot aksie oor te gaan sover dit betrokkenheid by armoede aanbetref (Bass, 2005:12).

### 5.6 Antwoorddiens of die responsoria

Die responsoria is die antwoord van die gemeente op al die voorafgaande handelinge in die samekoms, maar God roep veral deur die woorddiens in die hart van die gemeente gebed (aanbidding, dank en verootmoediging), Christelike handreiking en sang op. Ook die "amen" na die geloofsbelydenis, prediking, gebede en seën is die gemeente se instemmende antwoord.

In die bergrede koppel Jesus liefdegawe, gebed en vas met mekaar (Matteus 6:2-18). Hierdie drie aksies is soos 'n sirkel waar die een tot die ander lei (Susin, 2005:98). "Gee aan die armes" kom van 'n woord wat aandui dat die gewer die pyn van die arme letterlik voel. Die invoeling is gegrond in God se genade, goedheid en liefde en daarom vloei uit die gee van 'n gawe vir die arme die korrekte motief vir vas. Jesaja 58 leer dit: Die volk vra (vers 3): "Waarom vas ons en U sien dit nie?" En dan antwoord die Here (vers 7): "Die vas wat Ek wil hê is: Is dit nie dat jy vir dié wat honger is van jou brood gee nie, dat jy aan die armes en dakloses 'n blyplek gee, dat wanneer jy iemand sonder klere sien jy vir hom klere gee nie, dat jy jou medemens nie aan sy lot oorlaat nie?" Vas het dus nie net 'n vertikale dimensie waarin verootmoediging en berou voor God belangrik is nie, ook nie net 'n reinigende dimensie waardeur die sondaar leeg word van eiebelang nie, maar ook 'n liefdesdiensdimensie. Susin (2005:103) beskryf dit raak:

> The 'mouthful' painfully diverted from one's own mouth to nourish and satisfy the mouths of the starving, their very lack and hunger makes those who fast 'all mouth' for God's hunger. This is not fasting that leads to the most steadfast and substantive prayer. This is not fasting for one's health or in preparation for more concentrated prayer in the alpha state of mind. Quite the contrary: this fasting is 'to one's own detriment' through being overwhelmed by others, through having to nourish and care for others.

Al sou dit vreemd wees vir jongmense om individueel te vas of deel te neem aan 'n vas-ritueel (vgl Post, 2001:33) van die gemeente. kan dit in die lig van wat hierbo gesê is, 'n heilsame uitwerking op sensitiefmaking vir armoede hê. Die regte vas lei dan tot opregte gebed.

Daar moet in sommige dienste vir jongmense geleentheid geskep word om in die gebed voor te gaan. Die volgende riglyne moet aan hulle gebied word. Kommunikasie in die erediens, ook in gebede, geskied in 'n pastorale konteks wat gerig is op heling en genesing. Waar gelowiges in die erediens God en mekaar ontmoet kan jonk en oud se houdings, persepsies en optredes verander, ook wanneer die krisis van armoede in die gebed gekommunikeer word (Whitney, 2003:306). Gebed is egter nie net kommunikasie nie, maar meer: Dit isgemeenskap met God (Louw, 2001:66), met die mede-bidders en met dié wat in die gebed aan God opgedra word. God stig communio en maak so gebed moontlik. In sy almag en alomteenwoordigheid het God nie ons gebede nodig nie, but "he wants it, thanksgiving and intercession, as the entering of his creatures into his loving will, by which he created human light in his communiation of himself" (Cullmann, 1995:143). Dit gaan in die gebed vir die arme nie bloot om die vra van armoedeverligting en die stuit van die verspreiding van armoede na ander gebiede nie, maar dat die mag en eer van God erken sal word (Duncan III, 2003:64).

Wanneer 'n persoon wat ernstig gebuk gaan onder armoede self, of 'n werker wat sulke persone bystaan en versorg, getuienis oor die omvang van armoede lewer, sal dit ook bydra tot die saambid met die voorganger. God is vir die gelowige en ook vir mense wat onder ernstige armoede leef die Heerser, die Koning oor tekorte, dood en bose magte. Daar is talle persone wat arm is wat glo dat bose magte deur towery hierdie toestand oor hulle gebring het. God is liefde en Hy buig Hom in liefde neer na gebroke mense en dié wat deur ander gestigmatiseer word (Kgosikwena, 2001:213). In die skuldbelydenis van 'n gemeente voor God is 'n belangrike erkenning dat lidmate mede-sondaars is wat deel het aan die pandemie van armoede. Die Here beloof dat opregte skuldbelydenis deur vergewing gevolg sal word en daarom sal die bidders self onmiddellike vergiffenis ervaar en 'n nuwe verhouding met God word daardeur gekonstrueer (Witvliet, 2003:207).

Voorbidding handel oor die intree ten behoewe van 'n ander en die bidders vra om God se ingrype en pleit om redding in 'n krisis (Johnson & Duncan III, 2003:168). In hierdie noodsituasie word die

uitsigloosheid beklemtoon, die bidders se onvermoë om iets daaraan te doen en afhanklikheid van God word voor Hom bely en God se reddingskrag word veronderstel (Guthrie, 1993:13). Armoede behoort in hierdie opsig by die gemeente nederigheid en 'n gees van medelye (invoeling in die lewe van persone wat in armoede lewe) te bring.

Die liefdegawe (kollekte) is 'n belangrike element in die sensitiefmaking vir die nood van ander. Dit is wenslik dat jongmense by geleentheid wenke gee vir die aanwending van die liefdegawe buite die gemeente. Hulle kan dan navorsing doen hieroor en toeligting gee aan die gemeente van die nood wat hulle aangegryp het.

Een van die belangrikste elemente in die antwoorddiens is die lied en musiek. Dit is te verstane dat die lied in die kerk so 'n uiters belangrike rol en funksie het. Die lied is die manier waardeur die gemeente tot die ontmoeting met en diens aan God begelei word. Sang vernuwe die harte, dit verdryf traagheid en dit wek entoesiasme. Dit skep atmosfeer en gemeenskap. Sang kan mense geestelik verhef en as etiese en estetiese wese tot dankbare hoogtes voer (Vos & Pieterse, 1997:231). Omdat jongmense vandag groter uiting gee aan hulle gevoelens, het hulle 'n besondere liefde vir musiek ontwikkel: dit is die één manier waarop jongmense hulle gevoelens kan verwoord, uitdruk en uitdra, in hulle alledaagse lewe, maar ook in hulle geestelike lewe.

> Sound itself – which creates atmosphere – is now viewed as an important communicator. For the kind of worship I propose, sound communicates the various moods of worship – the joy of coming into God's presense, the quietness of confession, the meditative mood of prayer, the joy of the resurrection at the table of the Lord, and the sense of going forth to love and serve God." (Webber, 2000:26.).

Baie van die kontemporêre charismatiese vernuwingsmusiek reflekteer in toon en style 'n kultuur wat krag en sukses verklank. Blyth (2001:210) meen egter: "The rich range of human emotions and experience, such as suffering, pain, vulnerability, generosity and mutuality which make up God's world are rarely reflected". Baie jongmense begin weer ander kerklike liedere wat hulle hartseer en pyn verwoord, meer waardeer. "People are expresing not just their appreciation but also their deep relief at being able to relate to God

in sorrow, doubt, and depression, where previously the hymnodic diet often required us to be joyful" (Blyth, 2001:214.). Hierdie wending bied aan jongmense 'n ideale geleentheid om in hulle liedere met armes te kan identifiseer. Die taal van die liedere moet verstaanbaar wees sodat jongmense kan ervaar dat die liedere al hulle emosies verwoord (Aerts, 2002:153). Verder moet hulle singbaar wees, want jongmense is gewoond daaraan om saam te sing: Hulle sing die liedjies op die CD's saam en gaan na konserte waar hulle saam met die kunstenaars kan sing en beweeg (Meyer, 2002:51).

Die waarde van inheemse musiek (ook in Afrikaanse en Engelse kerke) kan nie onderskat word nie, want dit nooi erediensdeelnemers uit om die emosies van armes uit benadeelde gemeenskappe in laasgenoemde se musiek te ontdek. Daarom behoort jongmense by die beplanning van die liturgie ook liedere van arm gemeenskappe in te sluit. As die verhale van beide die gemeenskappe in wisselwerking met die verhale van God is, dan sal die sake wat in verband staan met mense se lewens, ryk en arm, betekenis gee aan die lewens van die erediensdeelnemers. Want die verhale agter hierdie liedere maak die oë oop vir die pyn van die betrokke gemeenskappe en hulle worsteling met die probleem van armoede (Blyth, 2001:211).

### 5.7 Die wegstuurseën

Uit die priesterlike seën van Numeri 6 is dit duidelik dat die seën 'n wegstuur van die volk is om 'n nuwe tydperk van genade onder die seënende hand van die Here binne te gaan. Die gemeente word weggestuur om die verering van God in hulle huise en werkplek voort te sit. Juis daarom stort God hierdie gawes van genade, beskerming, verhoring van gebede, liefde en vrede in die samekoms van die gelowiges in. Die gemeente ontvang God se seën om in die week as werkgroepe en as individue 'n seën vir ander te wees deur tot aksie en diens oor te gaan.

Van hierdie ritueel word ook baie min gemaak. Die wegstuurseën is in die meeste gevalle bloot die sien van seënende hande en dalk begeleidende woorde wat die handeling verduidelik. Tog kan dit 'n baie sinvolle aktiwiteit wees waarin diensgroepe letterlik onder die seën van die Here vir hulle werksaamhede weggestuur word. Dit is ook liturgies die geskikte oomblik om afkondigings, wat dienswerk raak, te maak. Die jeug van die gemeente kan byvoorbeeld voor die preekstoel saamkom en dan uitgestuur word om gedurende die week

by lidmate gebruikte klere te versamel voor 'n nuwe seisoen aanbreek. Die diakonie, die dienswerkers by 'n sopkombuis, dié by 'n tehuis vir haweloses of een of ander groep wat liefdesdiens aan mense in nood lewer kan by 'n ander geleentheid soortgelyk uitgestuur word. So 'n geleentheid kan ook gebruik word om bepaalde dienswerk bekend te stel. Die seën kan soms toegespits word op huisgesinne en die benutting van geleenthede wat hulle kry om 'n bydrae tot die verligting van armoede te maak. By geleenthede waar armes uit ander gemeenskappe deel aan die erediens het, kan hulle spesiaal in die wegstuurseën aangespreek word.

So beweeg die erediens van die gemeente na die erediens van die lewe. Christus se dienswerk tot die gemeente se heil en die gemeente se diens aan God, aan mekaar en aan die naaste in nood, word nie net in die liturgie tot eer van God gevier nie, maar kontinueer in die lewe van elke dag (Pieterse, 2001b:102). Hierin het die handeling van die wegstuurseën 'n brugbouende funksie.

## 6 SAMEVATTEND

Die vraag wat in hierdie artikel ondersoek is, was: Hoe kan die jeug, wat finansieel bevoorreg is, deur deelname aan die liturgie van die gemeente sensitief gemaak word vir die massiewe probleem van armoede? Die werkplan was om oorsigtelik die omvang van armoede te beskryf en in kort 'n karakterisering van die betrokke jongmense in hulle verhouding tot die liturgie en armoede te maak. Die ondersoek na 'n liturgiese praxis het hierop voortgebou. Liturgiese riglyne vir die sensitiefmaak van die jeug vir die probleem van armoede is as vertrekpunt geneem. Konklusies waartoe gekom is, is dat die jeug effektief sensitief gemaak kan word vir die probleem deur in die volle samekoms van die gemeente (erediens) te fokus op gesamentlike beplanning van die erediens, die ritueel van saamkom voor die votum, die ontmoetingsdiens, die verootmoedigings- en versoeningsdiens, die woorddiens en die antwoorddiens, asook die wegstuurseën. Veral die beplanning, die saamkom van die gemeente, die viering van die nagmaal en die gemeentesang is uitgewys as unieke geleenthede. Die finale konklusie is dat die liturgie die gesindheid van 'n gemeente teenoor armes radikaal kan beïnvloed en transformerend op die optrede van onder andere die jeug ten opsigte van armoede kan inwerk.

## BRONNELYS


Aerts, L. 2002. Jonge mensen bij de bron: liturgie in Taize. In Barnard, M & Schuman, N. *Nieuwe wegen in de liturgie. De weg van de liturgie – een vervolg*. Zoetemeer: Meinema.

Alcock, P. 1993. *Understanding poverty*. London: Macmillan.

Allen, JL. 1997. Teens seek more "youth friendly" liturgies. *National Catholic Reporter*, 34(7):3.

Barnard, M. 1998. Doop en belijdenis. In Oskamp, P & Schuman, N. *De weg van de liturgie. Tradities, achtergronden, praktijk*. Zoetemeer: Meinema.

Bass, D. 2005. A way of life around the table: practicing faith with young people. *Clergy Journal*, 81(5):10-13.

*Beeld*, 2005. Matrieks sak weer op die Suidkus toe. 25 November, 5

Betto, F. 2005. Zero hunger: an ethical-political project. In Boureux, C, Soskice, JM & Susin, LC. 2005. *Hunger, bread and eucharist*. *Concilium* 2005/2. London: SCM Press,9-13.

Binns, T & Robinson, R. 2002. Sustaining democracy in the "new" South Africa. *Geography*, 87(1):25-37.

Bloesch, DG. 2002. *The church. Sacraments, worship, ministry, mission.* Christian Foundations. Illinois: InterVarsity Press.

Blyth, M. 2001. Praise, prayer and praxis. *Ecumenical Review*, 52(2):206-215.

Brandt, DP. 1995. The poor and the lost: a holistic view of poverty. *Missiology*, 23(3):259-266.

Clowney, EP. 2003. Corporate worship: a means of grace. In Ryken, PG, Thomas, DWH & Duncan III, JL. *Give praise to God. A vision for reforming worship*. Phillipsburg New Jersey: P&R Publishing.

Cullmann, O. 1995. *Prayer in the New Testament, with answers from the New Testament to today's questions*. London: SCM Press.

Deddens, K. 1995. Rond de schuldbelydenis in de liturgie. *In die Skriflig,* 29(3):491-529.

De Klerk, BJ. 1987. Die Heilige Gees en die verhouding Skriflesing, prediking en gebed in die erediens. Th.D-proefskrif. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

De Klerk, BJ. 2005. 'n Liturgie van aftrede. *In die Skriflig*, 39(3):463-485.

De Klerk, BJ. & Van Rensburg, FJ. 2005. *Preekgeboorte. 'n Handleiding vir Gereformeerde eksegese en prediking. Toegepas*

*op 1 Petrus 2:11-12, 18-25.* Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
De Moor, R. (ed.). 1999. Prayer. *Reformed Worship*, 52:2-45.
Devries, M. 2004. *Family based youth ministry. Revised and expanded*. Downers Grove, Illinois: InterVarsity Press.
Dickson, KE. 2003. Adolescent fertility: a population concern. In *Seminar proceedings, Fertility. Current South African issues of poverty, HIV/AIDS and Youth.* Pretoria: Human Sciences Research Council.
Duncan III, JL. 2003. Foundations for Biblical directed worship. In Ryken, PG, Thomas, DWH & Duncan III, JL. *Give praise to God. A vision for reforming worship.* Phillipsburg New Jersey: P&R Publishing.
Du Toit, CW. 1997. Empowerment of the poor. Changing our minds on affluence and poverty. *Missionalia*, 25(3):285-307.
Guthrie, S. 1993. Petition. *Christian Century*, 1993:13.
Hammes, EJ. 2005. Stones into bread: Why not? Eucharist – Koinonia – Diaconate In Boureux, C, Soskice, J.M. & Susin, LC. 2005. *Hunger, bread and eucharist. Concilium* 2005/2. London: SCM Press, 25-33.
Heitink, G. 1999. *Practical Theology*. Grand Rapids, Mich: Eerdmans.
Jeggle-Merz, B. 1996. Children in the liturgy – initiation and participation. In Junker-Kenny, M & Mette, N. *Little children suffer. Concilium*, 1996/2. London: SCM Press,111- 119.
Johnson, TL. & Duncan III, JL. 2003. Reading and praying the Bible in corporate worship. In Ryken, PG, Thomas, DWH & Duncan III, JL. *Give praise to God. A vision for reforming worship*. Phillipsburg, New Jersey: P&R Publishing.
Kgosikwena, K.B. 2001. Pastoral care and the dying process of people living with HIV/AIDS. Speaking of God in a crisis. *Missionalia*, 29(2):200-219.
Kwago, A L. 2004. Vroeë volwasse lidmate se kerklike meelewing binne die Verenigende Gereformeerde Kerk: 'n empiriese studie in die ring van Wellington. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 19(2):69-91.
Louw, DJ. 2001. 'n Teologie van gebed: Kommunikasie as communio en dank. *Acta Theologia*, 2:65-84.
McBrien, RP. 2003. Waning devotions may be sign of liturgical health. *National Catholic Reporter*, 39(22):17.

Meyer, LM. 2002. Gereformeerde liturgie onder 18- tot 25-jarige Afrikaanssprekendes in die lig van die huidige kultuur-situasie. MTh-skripsie Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Mitchell, ND. 2000. “The amen corner. The rest is commentary”. *Worship*, 74(3):248-256.

Mohler, RA. 2003. Expository preaching: Center of Christian worship. In Ryken, PG, Thomas, DWH & Duncan III, JL. *Give praise to God. A vision for reforming worship.* Phillipsburg New Jersey: P&R Publishing.

Nel, M. 1998. *Jeugbediening. 'n Inklusiewe gemeentelike benadering*. Pretoria: RGN.

Olivier, H. 1997. Skuldbelydenis en versoening – 'n Ou-Testamentiese perspektief. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 37(4):496-508.

Pieterse, HJC. 2001a. The human face of God for the poor. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 16(1):75-104.

Pieterse, HJC. 2001b. 'n Diakonale kerk. *Acta Theologica*, 21(2):98-112.

Post, P. 2001. Ritualiteit als symboolhandeling. In Barnard, M & Post, P. *Ritueel bestek. Antropologische kernwoorden van de liturgie.* Zoetemeer: Meinema.

Retief, L. 2004. Kinders van 'n cool God: spesiale verslag. *Insig* 195:30-35.

Sullivan, M.L. 1993. Culture and class as determinants of out-of-wedlock childbearing and poverty during late adolescence. *Journal of research on adolescence*. 3(3):295-316.

Susin, LC. 2005. Alms, fasting, and prayer: the work circle of mercy and adoration. In Boureux, C, Soskice, JM & Susin, LC. 2005. *Hunger, bread and eucharist. Concilium* 2005/2. London: SCM Press, 96-105.

Swartz, L. 2003. Fertility transition in South Africa and its impact on the four major population groups. *In Seminar proceedings, Fertility. Current South African issues of poverty, HIV/AIDS and Youth*. Pretoria: Human Sciences Research Council.

Taylor, M. 2003. *Christianity, poverty and wealth. The findings of ‘Project 21’*. Geneva: SPCK.

Trimmer, EA. 1994. *Youth ministry handbook*. Nashville: Abingdon Press.

*UN World Food Programme*. 2005. Southern Africa faces years of food shortages. Sep 23, 2005. 1:17 PM GMT.

Uys, JSP. 2005. 'n Prakties-teologiese ondersoek na die gebruik van liturgiese simbole en rituele in die Paassiklus. DD-proefskrif, Pretoria, Universiteit van Pretoria.

Van der Berg, S. 2004. Business Report – Has SA really experiece jobless growth?
[Online]. Available:
http://www.busrep.co.za/index.php?ArticleId=362464.
Accessed:10 June 2005

Vos, CJA. 2001. God's household and the poor in contextual ecclesiology. *HTS,* 57(1&2):49-69.

Vos, CJA & Pieterse, HJC. 1997. *Hoe lieflik is u woning. Studies in Praktiese Teologie.* Pretoria: RGN-Uitgewery.

Vorster, JM. 1999. 'n Waarskynlike bedieningsmilieu vir die GKSA in die dekades na 2000*. In die Skriflig*, 33(1):99-119.

Ward, P. 1993. *Worship and youth culture. A guide to alternative worship*. London: Marshall Pickering.

Webber, R.E. 2000. *Blended worship. Achieving substance and relevance in worship*. Massachusetts: Hendriksen.

Wepener, C.J. 2004. Van vas tot fees. 'n Ritueel-liturgiese ondersoek na versoening binne Suid-Afrikaanse kultuurkontekste. D.Th.-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Whitney, D.S. 2003. Private worship. In Ryken, P.G., Thomas, D.W.H. & Duncan III, J.L. *Give praise to God. A vision for reforming worship.* Phillipsburg New Jersey: P&R Publishing.

Williams, D.T. 1998. *Capitalism, Socialism, Christianity and poverty.* Pretoria: Van Schaik.

Witvliet, J.D. 2003. *Worship seeking understanding. Windows into Christian practice.* Grand Rapids: Baker Academic.